**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 5 FEBRUARIE 2013 OM 14:00**
**IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 1/2013**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed geopen deur Des Muller waarna al die lede welkom geheet word.

## 2. PRESENSIE

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Anton Dellemijn | Voorsitter | Tergniet |
| Charl Coetzer | | Fraaiuitsig |
| Lavinia Lunow | | Fraaiuitsig |
| Johann Muller | | Reebok (onder spoor) |
| Johan Lotter | | Reebok (bo spoor) |
| Charl de Wet | | Kleinbrak |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |
| Ina Blom | | Reebokhoogte |
| Frik Nel | | Reebokrif / Bewarea |
| Leon Kruger | | Reebokrif |
| Des Muller | | Riverside |
| Len Rauch | | Tergniet |
| Jan Roets | | Tergniethoogte |
| Mike Wray | Onder-voorsitter | Tergniethoogte |
| Dorothy Barnard | Sekretaris/Tesourier/Notuleerder | |

### 2.2 Op uitnodiging

| | |
|---|---|
| Raadsheer Kallie Smit | Raadslid – Wyk 4 |
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid – Wyk 5 |
| Rozain Hansen | Munisipaliteit |
| Bertie Supra | Munisipaliteit |
| Abdul Coleridge | Munisipaliteit |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | |
|---|---|
| Pieter le Roux | Kleinbrak |
| Terrie Terblanche | Riverside |

## 3. VOORSTEL VAN NUWE LEDE

Johan Lotter (Reebok (bo spoor)): Was in diens van die Plaaslike Owerhede. Het 5 jaar as raadslid gedien en was ook burgemeester van Grootbrak.

Len Rauch (Tergniet): Was 'n mynbou kaptein en is ook voorsitter van die Midbrak Buutwag.

Ina Blom (Reebokhoogte): Is betrokke by die Reebok Varsproduktemark en woon reeds 14 jaar in die omgewing.

Jan Roets (Tergniethoogte): Was 'n Lektor in Ingenieurswese by Tswane Universiteit.

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 4. | **VERKIESING VAN NUWE UITVOERENDE BESTUUR** | |
| | Die verkiesingsprosedure is deur Rdh Kalie Smit hanteer en voorgehou. Nadat Charl Coetzer en Johann Muller hulle nominasies as onder-voorsitter onttrek, is die Uitvoerende Komitee vir 2013 soos volg: | |
| | Voorsitter: Anton Dellemijn<br>Onder-voorsitter: Mike Wray<br>Sekretaris en Tesourier: Dorothy Barnard<br>Notuleerder: Ina Blom | |
| | Die vergadering neem kennis van Leon Kruger (Reebokrif) se bedanking omdat hy einde Maart verhuis. Hy sal nog aktief betrokke wees totdat hy verhuis. | |
| **5.** | **GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING** | |
| | Die notule van die vorige vergadering word goedgekeur met die volgende wysiging: | |
| | Item 5.8: Collab nommer moet wees: 867502. | |
| | Voorgestel en gesekondeer deur mnre Des Muller en Kruger de Wet. | |
| **6.** | **AANVULLENDE AGENDA** | |
| **6.1** | **Vakansie seisoen – Nabetragting** | |
| | Het goed verloop. Vullisverwydering was goed, maar vuurwerke is steeds 'n probleem. | |
| | Kleinbrak se strande is vuil tydens laagwater omdat daar nog baie stompe, bakstene en klippe lê wat oopspoel. | |
| | Navraag word gedoen oor lewensredders se werksure omdat hulle gedurende die vakansieseisoen net tot 17:00 aan diens was. Daar word voorgestel dat lewensredders skofte werk aangesien mense tot laat swem. | |
| | Dit is teleurstellende dat daar minder polisiëring van honde plaasgevind het en trappe na die see by Kleinbrak is weggespoel. | |
| | Leon stel voor dat die Munisipaliteit beter beplan met plasing van tydelike toilette sodat dit nader aan die gebruikers is, bv naby die trappe. | |
| | Kragonderbrekings, vuil drinkwater en riolering was ook 'n probleem. | |
| | Die vergadering versoek dat 'n skrywe aan die Munisipaliteit gestuur word sodat hulle kennis neem van die probleme. | Dorothy |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **6.2** | **Slegte reuke in die gebied**<br><br>Mnr Bertie Supra meld dat rioolreuke veroorsaak is deur:<br><br>• Baie warm dae gedurende Desember wat nadelig was vir die opbrekingsproses by die suiweringsaanlegte.<br>• Riool in vakansiehuise se tenks wat gestaan het, het "gestol" toe dit gesuig is. Haal af. | |
| **6.3** | **Informele pad na see – vanaf Seesterstraat tot by Harris-/Swart-strate**<br><br>'n Versoek word gerig dat die Munisipaliteit die informele pad verstewig omdat baie inwoners dit gebruik as roete na die see. | Rozain |
| **6.4** | **Riverside Ontbossing – sekuriteitsrisko vir inwoners asook Powertown mense**<br><br>Beboste dele by die rugbyveld moet ontbos word omdat dit 'n wegkruip-area vir boosdoeners is.<br><br>'n Skrywe (met foto's) moet aan die Munisipaliteit gestuur word. | Dorothy/Anton |
| **6.5** | **Nuwe lede: induksiefase**<br><br>Die Voorsitter versoek lede om met mekaar te skakel indien inligting benodig word. Die Munisipaliteit se SMS lyn 37285 moet ook gebruik word vir dringende sake. Haal af. | Lede |
| **6.6** | **Reëlings vir afskeid van lede**<br><br>Na bespreking word besluit dat slegs bedankingsbriewe aan uittredende lede gestuur sal word. Haal af. | Dorothy |
| **6.7** | **Her-indeling van areaverteenwoordigers**<br><br>Die vergadering neem kennis dat Frik voortaan areaverteenwoordiger vir Reebokrif sal wees en Ina vir Reebokhoogte. Haal af. | |
| **6.8** | **Vergaderings vir 2013 – (dag en tyd)**<br><br>Vergaderings sal voortaan steeds op die eerste Dinsdag van die maand plaasvind, maar sal **13:00** begin. Haal af. | Lede |
| **6.9** | **Suiderkruis ontspanningsarea**<br><br>Die vergadering neem kennis van die Minister se skrywe oor 'n inwoner se klagtes oor drankgebruik en resies wat gejaag word by die ontspanningsarea. Hy versoek lede om oplossings en voorstelle vir oplossing van die probleem direk aan hom deur te gee. Haal af.<br><br>Johan Lotter lig die vergadering in oor die agtergrond en ontstaan van Sewesea. | Lede |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **6.10** | **Aflaaipunte vir huishoudelike afval** | |
| | Werk baie goed en gaan uitgebrei word na die groter Mosselbaai. | |
| | Kennisgewingborde sal groter gemaak word en dakke vir die strukture sal aangebring word. | Kallie Smit |
| **6.11** | **Reebok Varsproduktemark** | |
| | Lede word versoek om die mark te ondersteun en dit onder inwoners se aandag te bring. Dit kan ook gebruik word om die verbode vrugte verkopers te huisves. Haal af. | Lede |
| **7.** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 17 DESEMBER 2012** | |
| **7.1** | **Skoonmaak van sypaadjies in die gebied (Van Rensburgstraat, nommers 55 – 59)** | |
| | Die vergadering neem kennis van Dorothy se gesprek met mnr Abrie Nel dat skoonmaakaksie nog nie kon begin nie omdat die voertuig gebreek het. Mnr Nel het egter onderneem dat ontbossing van die sypaadjies gedurende die week van 4 Mei sal begin. | |
| **7.2** | **Mid-jaarlikse algemene jaarvergadering** | |
| | Die mid-jaarlikse vergadering wat net 'n inligtingsvergadering sal wees sal plaasvind op 1 Julie 2013 – 10:00 in die Reebok Gemeenskapsaal. Sit op aktiwiteitslys. | Dorothy |
| **8.** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE** | |
| **8.1** | **R102 - Versperring van sig by uitgange** | |
| | Area lyk nog baie sleg en borde is nog nie opgerig nie. Anton sal 'n skrywe aan Anton Steenkamp stuur en navraag doen oor vordering. | Anton |
| | Indien die verlangde resultaat nie bereik word nie sal Anton 'n brief aan die Munisipaliteit stuur en hulle versoek dat hulle toestemming vra om die strook namens Eden skoon te maak soos in die geval van wetstoepassing. | Anton |
| **8.2** | **Bywoning van Munisipale komiteevergaderings** | |
| | Bywoning van Februarie en Maart se vergaderings sal soos volg wees: | |
| | 13 Februarie – Charl Coetzer en Lavinia Lunow<br>13 Maart – Charl de Wet en Mike Wray | |
| | Anton sal beide vergaderings bywoon, indien moontlik. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 8.3 | **Bewusmakingsveldtog deur lede** | |
| | Die Voorsitter versoek lede om inwoners voortdurend bewus te maak van die Vereniging se webtuiste. Haal af. | Lede |
| 8.4 | **Koraalsingel 43** | |
| | Die erf is skoongemaak en vertoon beter, maar amptenare moet nog finale inspeksie uitvoer. Haal af. | Bertie / Abdul |
| 8.5 | **Bewoning van motorhuise / invloeibeheer** | |
| | Mnr Supra vra dat sy kantoor in kennis gestel word van probleemareas sodat inwoners van erwe verwyder kan word. Daar is reeds opgetree teen vorige oortreders. Haal af. | Lede |
| 8.6 | **Wykskomitees – Vakante poste weens bedankings** | |
| | Kallie lig die vergadering in dat 'n publieke deelname proses weer gevolg moet word. Kennisgewings sal gedurende die week van 11 Februarie vir 2 weke in die pers verskyn. Nominasies kan tot einde Februarie ingedien word. | |
| | Rozain word versoek om die kennisgewing aan Dorothy te stuur vir verspreiding aan lede. | Rozain / Dorothy |
| 8.7 | **Onregmatige handel in Impalaweg** | |
| | Die struktuur is afgebreek en die muur herstel met dank aan die Munisipaliteit met al hulle aksies en hulp. Haal af. | |
| | Voorstelle om voortydig opsies aan belanghebbendes te gee word bespreek. Dorothy word versoek om 'n skrywe met voorstelle aan die Munisipaliteit te stuur. Beskikbaarstelling van die terrein by die Gemeenskapsaal word voorgestel. Haal af. | Dorothy |
| 8.8 | **Toiletgeriewe in die gebied** | |
| | Frik trek sy voorstel vir daarstel van geriewe vir werknemers terug maar stel voor dat die Munisipaliteit kyk na beskikbaarstelling van geriewe op wiele. | Rozain |
| 8.9 | **"Kleinbraktuintjie" by T-aansluiting op R102 (Louise Boshoff)** | |
| | Die versoek is via Collab gestuur. | Rozain |
| 8.10 | **"Body Corporate" – Reebokrif (Frans de Graaff)** | |
| | Inwoners van Reebokrif is verantwoordelik om 'n Huiseienaars-vereniging te stig. Die vergadering stel voor dat Anton, Leon Kruger, Frans de Graaff en Buks Pieterse vergader om dit verder te hanteer. Haal af. | Anton / Leon |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 8.11 | **Rivierwal stabilisering: Erf 239, Klein-Brakrivier** | |
| | Charl de Wet is van mening dat voorstelle uitvoerbaar is. Haal af. | |
| 8.12 | **Straatnaam – Tergniet** | |
| | Voorstelle vir 'n straatnaam moet aan Dorothy gestuur word vir deursending aan Eddie Kruger. Insette moet moet Dorothy bereik teen nie later nie as Maandag, 18 Februarie 2013 – 14:00. | Lede<br>18 Februarie |
| | Weens duplisering van straatname wat verwarring skep is die vergadering van mening dat die Munisipaliteit 'n komitee aanstel om die aangeleentheid te ondersoek. Voorbeelde is Mossellaan, Reebok-hoogte vs Mosselstraat, Fraaiuitsig en Robertsonweg in Kleinbrak vs Robertsonstraat in Fraaiuitsig. | |
| | 'n Skrywe moet aan die Munisipaliteit gestuur word met die versoek. | Dorothy |
| 8.13 | **Hersonering van Landbougrond** | |
| | Ontvangs van die Vereniging se beswaar is deur Sharples erken. Minister Bredell se kantoor het ook ontvangs van die skrywe erken en dit na Ontwikkelingsake verwys vir monitering. Sit op aktiwiteitslys. | Dorothy |
| 8.14 | **Mobiele krag** | |
| | Rozain bevestig dat sy in kontak met Mobile Power was en bevestiging gekry het dat bankbesonderhede veilig is omdat dit 'n sekuriteit webwerf is. Haal af. | |
| 8.15 | **Jaarlikse vergadering met die Burgemeester en afdelingshoofde (Aug/Sept)** | |
| | Anton en Mike sal die aangeleentheid bespreek waarna 'n brief aan die Munisipaliteit gestuur sal word. | Anton / Mike |
| 8.16 | **Strandbeheer (honde en hengel)** | |
| | Indien die Munisipaliteit oorweeg om Kleinbrak se strand Blouvlagstatus te laat kry moet riglyne daarvoor deurgegee word. | |
| | Die vergadering besluit dat mnr Abrie Nel na die volgende vergadering genooi word sodat die vereistes bespreek word. | Dorothy |
| | Vorige korrespondiensie oor honde op strande moet aan mnr Nel gestuur word vir opvolg en terugvoer. | Dorothy |
| 8.17 | **Erf 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg)** | |
| | Die vergadering is van mening dat die Munisipaliteit se regsafdeling 'n verantwoordelikheid het om die Vereniging in te lig oor vordering en afhandeling van sake en dat hulle dienooreenkomtig ingelig moet word. Sit op aktiwiteitslys. | Dorothy |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **8.18** | **Tennisbane – Klein-Brakrivier (navraag oor eiendomsreg)** | |
| | Soos Item 8.17. Sit op aktiwiteitslys. | Dorothy |
| **8.19** | **Impalaweg – aanbring van tweede seëllaag** | |
| | Kallie lig die vergadering in dat werk afgehandel word soos fondse beskikbaar is. Sit op aktiwiteitslys. | |
| | Navraag word gedoen oor maandelikse verslae wat voorheen deur Gibo aan die Voorsitter oorhandig is. Anton word versoek om navraag te doen. Haal af. | Anton |
| **8.20** | **Besoek aan Eden Distriksmunisipaliteit se Rampbestuur sentrum** | |
| | Die besoek is gereël vir 25 Februarie om 14:00 vir 10 persone. | |
| | Dorothy sal 'n e-pos met meer besonderhede aan lede stuur. | Dorothy |
| **8.21** | **Trap na see by derde laan – Tergniet (vordering)** | |
| | Vorige korrespondensie sal aan Len gestuur word waarna hy die terrein sal inspekteer. | Dorothy / Len |
| **9.** | **PROJEKTE** | |
| **9.1** | **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering** | |
| | 'n Opvolgskrywe is aan mnr Viljoen gestuur om navraag te doen oor vordering met vervanging van padtekens wat gedurende Augustus 2012 afgehandel sou wees. | |
| | Volgens mnr Viljoen was daar 'n oponthoud met verskaffing van die pale en lewering van die korrekte padtekens. | |
| | Die vergadering spreek hul kommer uit oor foutiewe padtekens wat aangebring word en weer reggemaak moet word. Dit is 'n vermorsing van geld en die boodskap moet so oorgedra word. | Dorothy |
| **9.2** | **Skoonmaak van erwe** | |
| | Geen ernstige probleme nie. | Johann Muller |
| **9.3** | **Rampbestuur** | |
| ***9.3.1*** | ***Ramp Risiko-verminderingplan vir Groter Mosselbaai*** | |
| | Die vergadering neem kennis dat die Plan teen 15/16 Februarie herskryf sal wees. | Gibo |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| ***9.3.2*** | ***Klein-Brakrivier Rampgebeurlikheidsplan*** | |
| | Die vergadering neem kennis van Des se insette en kundiges kan hom kontak vir insette. | |
| **10.** | **FINANSIES** | |
| | Banksaldo is R15 621,35 en kontant voorhande R448,14. | Dorothy |
| | Goedkeuring word verleen dat Dorothy met Nedbank onderhandel dat die bestaande spaarrekening fasiliteit verander na 'n klubrekening of sodanige rekening met laer bankkoste. | Dorothy |
| | Tekenmagte vir die rekening sal soos volg wees: | |
| | Antonius Dellemijn<br>Michael Wray<br>Dorothy Jeanette Barnard<br>Christina Johanna Blom | |
| **11.** | **POLISIëRING / BUURTWAG** | |
| | Die vergadering neem kennis dat die area weer geteiken word. 'n Wit bakkie in die omgewing lyk verdag en oop kragbokse het aanleiding tot inbrake gegee. Anton sal mnr Olivier daaroor kontak. | Anton |
| **12.** | **BEWAREA** | |
| | Frik is besig met 'n rasionaliseringsproses om te bepaal of Bewarea moet bly voortbestaan as 'n enkel entiteit en/of dit by die Belastingbetalersvereniging geïnkorporeer moet word. | |
| **13.** | **PLAASLIKE SAKE** | |
| **13.1** | **Fraaiuitsig** | |
| | 'n Lys met versoeke is aan Bertie Supra oorhandig. Die vergadering neem kennis van 6 kubieke ton grys wat op die h/v Jongersbergweg en Meiringspoortstraat afgelaai is wat baie gevaarlik is. | Bertie / Abdul |
| | Tydens September 2012 is 'n lys met 20 items aan die Munisipaliteit oorhandig. Met uitsondering van een item is alle sake afgehandel waarvoor die Munisipaliteit bedank word. | Charl Coetzer |
| | Die enigste uitstaande saak is die indraaie na SPAR vanuit Brinkley- en Seashellstraat. Die versoek is dat die ingange oor die randstene opgevul word. Indien dit die eienaar van die SPAR se verantwoordelikheid is om dit te doen moet hy daaroor ingelig word. | Rozain |
| | Straatname by Aliwal-Suid is nog nie reggestel nie. Die versoek moet weer aan Frik gestuur word vir opvolging. | Lavinia / Frik |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | Brandkraan aanwysing in Aliwal-Noord is geverf maar die teken op die padoppervlakte is oorgeslaan tydens opknappingswerk deur die munisipale werkers en moet geverf word. | Rozain |
| **13.2** | **Klein-Brakrivier** | |
| ***13.2.2*** | ***Herstel van pad na hengelgebied / parkeerarea*** | |
| | Rozain bevestig dat mnr Myburgh Altus op 5 Desember 2012 versoek het om hieraan aandag te skenk. Frik het inligting aan Altus deurgegee maar nog niks is gedoen nie | Rozain |
| | Frik word versoek om Altus te kontak om reëlings te tref sodat hulle die terrein besoek. Rozain sal Altus se kontakbesonderhede weer aan Frik deurstuur. | Frik |
| **13.3** | **Reebok** | |
| ***13.3.1*** | ***Noord van die spoorlyn*** | |
| | Geen probleme nie. | |
| ***13.3.2*** | ***Suid van die spoorlyn*** | |
| | Geen probleme nie. | |
| **13.4** | **Reebokhoogte** | |
| | Geen probleme nie. | |
| **13.5** | **Reebokrif** | |
| | Geen probleme nie. | |
| **13.6** | **Riverside** | |
| ***13.6.1*** | ***Chemiese toilette by rugbyveld en publieke ontspanningsarea*** | |
| | Chemiese toilette het baie goed gewerk tydens die vakansieseisoen. Dit is gediens en alles het goedgewerk totdat dit weggeneem is. | |
| | Daar is ooreengekom dat sportorganiseerders van Powertown 'n skedule van wedstryde aan Anton sal stuur in 'n poging dat toilette deurlopend geplaas word. Haal af. | Anton |
| | Die vergadering bedank Raadsheer Smit en die Munisipaliteit vir plasing van die toilette. | |
| **13.7** | **Tergniet** | |
| | Geen probleme nie. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **13.8** | **Tergniethoogte**<br><br>Geen probleme nie. | |
| **14.** | **KORRESPONDENSIE**<br><br>Die vergadering neem kennis van mnr Tommie Smalberger se skrywe oor swak gesondheidsdienste. Navraag moet by die Munisipaliteit gedoen word oor die aangeleentheid. | Dorothy |
| **15.** | **LIEF EN LEED**<br><br>Geluk aan Charl Coetzer, Dorothy, Jan en Charl de Wet met hul verjaarsdae. | |
| **16.** | **VOLGENDE VERGADERING**<br><br>Die volgende vergadering sal op Dinsdag, 5 Maart - 13:00 in die Reebok Gemeenskapsaal plaasvind. | |
| **17.** | **VERDAGING**<br><br>Die vergadering verdaag om 16:30.<br><br>DOROTHY BARNARD<br>**NOTULEERDER**<br><br>GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 2/2013 GEHOU OP 5 MAART 2013 – 13:00.<br><br>ANTON DELLEMIJN<br>**VOORSITTER** | |